# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (2/19)

(Volg my op Twitter justchad_cga)

Justin Chadwick 11 Januarie 2019

CGA CITRUS SUMMIT
12 - 14 March 2019
Grow the Future, Together
Balancing growth and inclusivity
Proudly sponsored by Standard Bank

***"I am a slow walker, but I never walk back" Abraham Lincoln***

## HERSIENE SITRUS FMS

Die FMS vir die EU-sitrusmark is vir 2019 opgedateer. Daar is 'n aantal belangrike operasionele veranderinge wat 'n direkte impak op belanghebbendes regdeur die hele voorsieningsketting sal hê. Die nuutste FMS, aanvaar deur DAFF op 18 Desember 2018, is in die "Help-section" op PhytClean beskikbaar. Belanghebbendes word ook aangemoedig om 'n opsomming van die veranderinge te lees (opgesom in Snykant 261) wat ook in die "Help-section" beskikbaar is.

Die belangrikste wat produsente nou moet doen, is om met monitering van vrugbesmetting te begin, veral in vroeë vrugte, en met boordsanitasie voort te gaan.

**Getal datastelle benodig per boord:** Die getal datastelle wat vir FCM-monitering in die boorde benodig word, is op Maandag 7 Januarie 2019 op PhytClean opgedateer. Produsente moet die databasis weer nagaan om seker te maak dat hulle die korrekte getal datastelle het.

**Tydlyne vir FMS veranderinge op PhytClean:** Een gevolg van veranderinge aan die FMS is dat dit 'n groot aantal programmeringsveranderinge op PhytClean benodig. FSA ontwikkelaars was op verlof, maar is nou hard aan die werk om die nodige aanpassings te maak - die mees dringende aspekte word eerste aangespreek. Die span is goed bewus van die noodsaaklikheid om vir die eerste vrugte in Februarie 2019 gereed te wees en die tyd wat dit vir alle belanghebbendes sal neem om met hul eie stelsel te kan integreer. Volg asseblief die FMS Bulletins oor die volgende paar weke om te sien hoe die span met die ontwikkeling vorder. Op die oomblik kan produsente net vruginfestasie-moniteringsdata oplaai en GAP-verklarings op PhytClean maak.

**Gebruikers-interpretasie Gids:** Daar word verwag dat 'n opgedateerde GEBRUIKERS-INTERPRETASIE GIDS binnekort op PhytClean gepubliseer sal word, wat sal beskryf wat die nuwe statusse onder die FMS beteken.

**PUC FMS Dashboard:** Die FMS PUC Dashboard word tans opgedateer, maar sal na verwagting vanaf volgende week Maandag (14 Januarie) op die laatste, beskikbaar wees. Die Dashboard sal al die FMS veranderinge vir 2019 insluit, selfs al bevat dit aanvanklik slegs eers net die vereistes wat soortgelyk is aan dié van 2018.

## EU-KOMMISSIE SE HERSIENING VAN IMAZALIL AS NA-OES BEHANDELING

Produsente en pakhuisbestuurders is aan die einde van 2018 in kennis gestel van die feit dat die belangrikste na-oesbehandeling, Imazalil, in die EU hersien word. Die verlies van Imazalil, wat gebruik word teen swamme op vrugte, sal 'n wesenlike impak hê op alle sitrusbedrywe wêreldwyd wat die EU-mark voorsien. CGA en CRI is in onderhandeling met die Kommissie en belanghebbendes oor die ontwikkelinge en sal binnekort 'n opdatering aan die bedryf verskaf. Hierdie onderwerp sal tydens die CRI na-oes werkswinkels bespreek word (sien verlede week se nuusbrief vir besonderhede oor die CRI werkswinkels).